# WALVISROETE GROEP 1 - 2022

| **ROETE:** | DE HOOP RESERVAAT | **DATUM:** | 22-27 JUNIE 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Terwyl die Visarend roep in die agtergrond sit ons op die vooraand van die Walvisroete by ons eerste oornag hut, Potberg, rondom 'n vuur en gesels oor ons avontuur wat môreoggend begin. Almal was betyds vir ons "briefing" deur Cape Nature. Dag 1 stap ons vanaf Potberg na Cupidoskraal. Ons wil vroeg begin om die rëen te probeer vryspring maar na 10min begin die rëen val. Ons stap oor die heuwels in ysrëen wat ons wange klap. Dit het die hele dag gerëen en was almal bly om ontslae te raak van sopnat klere en skoene en vir die warm storte by die 2de hut. Dag 2 begin ons met nat skoene te stap van Cupidoskraal na Noetsie. Dit is weereens op en af en vanaf die laaste krans kyk ons af op Noetsie hut. Ons klim vinnig af en oor die los sand, waarna die boulders ons bene weer toets voordat ons wydsbeen op die lekker stoep in die son kan gaan sit. Die aand maak ons lekker vuur in die onderste braai area en word baie stories vertel. Dag 3 stap ons vanaf Noetsie na Hamerkop toe. Ons pak met klippe 'n boodskap uit vir Werner se groep wat volgende dag daar sou arriveer. DIt is die eerste dag wat ons kilometers minder is en ons geniet die son en die see. Dag 3 is egter meer uitdagend omdat dit die hele tyd n wipplank roete is. Op en af. Ons bereik die nuwe staal trap waarmee ons kon afstap na Stilgat toe waar ons 'n lekker koffiebreek neem en verken toe ook die grotte voordat ons verder stap. Ons klouter oor die rotse by die Blow Holes en is ons asem weggeslaan deur hierdie natuurwonder. Ons sien met groot opwinding ons eerste 3 walvisse wat lui in die water verbygly en net so nou en dan blaas. Ons stap verby die Window Rocks en weet ons hut is nou naby. Dag 4 stap ons vanaf Hamerkop seelangs tot by Vaalkrans. Ons sien weer 'n walvis en ook dolfyne. Ons loop verby Lekkerwater gastehuis wat net bedoel is vir mense met goeie bankbalans. By Vaalkrans sit ons hut bo op 'n grot waar die water onderdeur spoel en kan mens blykbaar die trillings voel. Dalk was ons te moeg. Dag 5 stap ons van Vaalkrans na Koppie Alleen. Die lang hout paadjie tot bo waar die bussie vir ons wag aan die einde van hierdie fantastiese stap, word stadig geklim om laaste bietjie lekkerte te geniet. Dit voel vir my asof Chariots of Fire nou moet begin speel soos ons opstap. Die walvis was nie sonder die nodige mediese toestande nie. Van diaree tot hande wat opswel van insekbyt, naarheid en braking, seer kniee en neus wat net nie wou ophou bloei nie, asook sommiges wat griep simptome begin ontwikkel het, maar die span het soos een saamgestaan en almal het mekaar gehelp tot by die volgende hut en verder. Die kos is elke aand ingedeel tussen die stappers wat moes bykos en nagereg voorsien, hulle moes dit voorberei en na die ete ook die kombuis opruim. Koos en Lieneke het selfs vir ons 'n tafel gedek met groot klip, groenigheid en skulpe met blou servette as versiering. Dankie aan almal wat so mooi saamgewerk het en mekaar ondersteun het. Dit het die lei van groep verseker baie vergemaklik. Wat 'n wonderlike voorreg om met so 'n lekker groep te kon stap. Dankie aan Niel en Sharon vir die rëelings en leiding. Hoogte gewen = 1830m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| NIEL VISSER | 2022006 | R 25 | 59 | |
| SHARON VISSER | 2022005 | R 25 | 59 | |
| ALANA JANSE VAN RENSBURG | 2022045 | R 25 | 59 | |
| MIRANDA MYBURGH | 2022062 | R 25 | 59 | |
| LIENEKE DU TOIT | 2022074 | R 25 | 59 | |
| LONI EAGER | NIE-LID | R 50 | 59 | |
| KAREN MULLER | NIE-LID | R 50 | 59 | |
| WOUTER JORDAAN | NIE-LID | R 50 | 59 | |
| MARIDA ALBERTSE | NIE-LID | R 50 | 59 | |
| ELIZE ADENDORFF | NIE-LID | R 50 | 59 | |
| GERNA HOUGH | 2022101 | R 25 | 59 | |
| KOOS STANDER | 2022078 | R 25 | 59 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 425** | **708** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | EIE SAKKIE |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | PLEISTERS EN PILLE |

| **NAME OP WAGLYS** | |
|---|---|
| KOBUS TERBLANCHE | |
| EDNA TERBLANCHE | |

| **VERSLAG DEUR:** | Sharon Visser |
|---|---|